NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

# MUSIEK: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |

Tyd: 1½ uur 50 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Hulpbronboekie van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Hulpbronboekie in die middel van jou vraestel los. Die Hulpbronboekie sluit 'n bladsy gemerk vir rofwerk in.

2. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n antwoordboekie beantwoord nie.

3. Musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy dit om inligting in jou antwoorde te herhaal.

5. Een punt sal vir elke wesenlike feit toegeken word.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Moenie Tippex gebruik nie.

---

| VRAAG | PUNTE |
|---|---|
| 1 | 15 |
| 2 | 6 |
| 3 | 29 |
| **TOTAAL** | **50** |

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 1

1.1 Voeg die ontbrekende note by om die toonleer van C-kruis harmoniese mineur te voltooi.



(1)

1.2 Voeg die nodige skuiftekens by om die majeurtoonleer te skep waarvan die gegewe beginnoot die dominant is.



(1)

1.3 Skryf die toonleer van D melodies mineur, stygend, met 'n toonaardteken. Gebruik die gegewe tydmaatteken, en jou eie ritme, en groepeer die note korrek. Eindig op die gegewe nootwaarde en voltooi die tweede maat met rustekens.



(3)

1.4 Harmoniseer die volgende sopraannote om 'n onderbroke kadens in vier dele (SATB of vir klawerbord) te vorm. Gebruik die dominante sewende tetrade. Noem die toonaard en besyfer die akkoorde. Gebruik korrekte stemleiding.



(2)

IEB Copyright © 2017

1.5 Skryf die bluestoonleer op D. Gebruik heelnote.



(1)

1.6 Voeg die nodige skuiftekens by om die A Lidiese modus te skep.



(1)

1.7 Identifiseer die toonleer wat in hierdie melodie gebruik word.




_____ (1)

1.8 Bestudeer die uittreksel hieronder en kies drie (3) stellings uit die gegewe lys wat die musiek die beste beskryf.




| | | |
|---|---|---|
| Saamgestelde majeur 7de | Onreëlmatige metrum | Kontrabeweging |
| Gelyke beweging | Doriese modus | Ostinato |
| Pedaalpunt | Reëlmatige en onreëlmatige metrum | Pentatoniese toonleer |

(3)

1.9 Identifiseer elke noot aan die hand van sy (1) graad en (2) tegniese naam volgens die gegewe toonaardteken.

| |  MAJEURTOONAARD |  MINEURTOONAARD |
|---|---|---|
| Graad van die toonleer: | | |
| Tegniese naam: | | |

(2)

**[15]**

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 2

Verwys na die melodie wat hieronder gedruk is.




2.1 Noem die toonleer wat in hierdie melodie gebruik word.

_____ (1)

2.2 Wat is die struktuur (vorm) van die hele melodie?

_____ (1)

2.3 Identifiseer met verwysing na die melodie hierbo ooreenkomste in die manier waarop Mozart en Bart die sosiale status van hul karakters in die musiek uitbeeld.

_____

_____

_____

_____ (2)

2.4 Verwys na **BYLAAG A** in die Hulpbronboekie.

Identifiseer die tekstuur van die uittreksel. Verduidelik hoe Lionel Bart die tekstuur skep.

_____

_____

_____

_____ (2)
**[6]**

IEB Copyright © 2017 

**VRAAG 3**

Die volgende vrae word op **BYLAAG B**, **C**, **D** en **E** in die Hulpbronboekie gebaseer.

3.1 Verwys na **BYLAAG B** in die Hulpbronboekie.

3.1.1 Identifiseer die eeu/stilistiese tydperk waarin hierdie werk geskryf is.

_____ (1)

3.1.2 Gee op grond van die instrumentasie van die uittreksel 'n rede vir jou antwoord in 3.1.1.

_____

_____ (1)

3.1.3 Identifiseer die toonleer wat in die motief gemerk W gebruik word.

W: _____ (1)

3.1.4 Identifiseer die intervalle gemerk (i) en (ii).

(i) _____ (1)

(ii) _____ (1)

3.1.5 Voeg die korrekte tydmaatteken by die eerste maat van die frase wat hieronder gedruk is. (1)

3.1.6 Die frase hieronder is geskryf vir trompet in B-mol wat klink soos 'n majeur 2de laer as wat dit geskryf is. Herskryf dit op konserttoonhoogte. Onthou om die nuwe toonaardteken en alle musiekbesonderhede in te sluit.






(4)

IEB Copyright © 2017

3.2 Verwys na **BYLAAG C**.

3.2.1 Identifiseer die genre van hierdie uittreksel.

_____ (1)

3.2.2 Vergelyk die genres wat deur Bylaag B en Bylaag C verteenwoordig word met verwysing na 'n niemusiekelement.

_____

_____

_____ (2)

3.2.3 Wat is die tekstuur van hierdie uittreksel? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

3.2.4 Gebruik die frase wat hieronder gedruk is om melodiese omkering te demonstreer:





(2)

3.3 Verwys na **BYLAAG D** in die Hulpbronboekie.

3.3.1 Beskryf die kenmerke van die genre wat deur hierdie werk verteenwoordig word.

_____

_____

_____ (2)

3.3.2 Identifiseer die toonaard van die werk.

_____ (1)

IEB Copyright © 2017 

3.3.3 Besyfer die akkoorde in die blok gemerk X.

Maat 9 Maatslag 1: _____

Maat 9 Maatslag 2: _____

Maat 9 Maatslag 3: _____ (3)

3.4 Verwys na **BYLAAG E** in die Hulpbronboekie.

3.4.1 Identifiseer die genre en die stilistiese tydperk van die uittreksel.

_____ (1)

3.4.2 Lewer kommentaar oor hoe die houtblaasafdeling van die orkes jou help om die styl van die werk te identifiseer.

_____

_____ (1)

3.4.3 Herskryf die frase hieronder op dieselfde toonhoogte in die diskantsleutel.




(2)

3.4.4 Verwys na maat 43 in die partituur. Soek en noem die nieharmoniese note in die gedeeltes vir tweede viool en viola. Benoem dit op die uittreksel hieronder.




(2)
**[29]**

**Totaal: 50 punte**

IEB Copyright © 2017